STORM SEVENSTER deur Wessel Pretorius

Willem Anker

Wessel Pretorius is veral bekend as digter, met 11 bundels wat sedert 1970 verskyn het.

Hy het gereeld in avant-garde-klein tydskrifte soos *Wurm* (1966-1970) gepubliseer saam met mense soos Jeanne Goosen, Phil du Plessis en Wopko Jensma. Hy het ook saam met Johan van Wyk geskryf aan ’n berugte toneelstuk, *Oudisie om die einde van die aarde te verhoed*. En hy is al as die eerste Afrikaanse beat-digter beskryf.

Sy roman, *Storm Sevenster*, het pas by Hond verskyn nadat sy eerste verskyning vinnig verskiet het in die jaar van onse Orwell, 1984, toe Big Brother al te werklik in elke Suid-Afrikaanse boekwinkel rondgesnuif het. Perskor (Perverskor, aldus Pretorius) wou *Storm*, op aandrang van drie keurders, publiseer, maar die boek is deur van die direksielede as riskant beskou.

Die Skrywersgilde het glo met ’n boikot gedreig as die manuskrip ná keuring durf afgewys word. Perskor het onder druk beloof om die roman uit te gee, mits die teks van drieletterwoorde wat dui op metafisika of fornikasie gesteriliseer word. Perskor hét toe die roman uitgegee. Soortvan. Dit is gepubliseer, maar hulle was nie wetlik verplig om die boek te versprei nie; *Storm* het nooit die winkelrakke bereik nie.

Dit is ’n roman in die klein, maar hardegat tradisie van RR Ryger en Ryk Hattingh, dit is aspris en windgat en gee nie om vir pruilbek literêre tradisies of maniere nie.

Storm is verslaaf aan vroue en drank, en albei laat hom stelselmatig, of miskien juis onstelselmatig, lostorring. Die roman steier uitbundig dronk rond tussen Bukowski en *Loslyf*. Dis hard; dis banaal; dis liries in sy dronkverdriet; dis fantasmagories; dis kru; dis Suid-Afrika in die 70’s en 80’s.

Storm skryf gedigte, maar sukkel om aan die gang te kom met sy roman – daar’s altyd ’n stukkende motor om te laat diens of bier om te drink. Maar Pretorius se roman bars uit sy gefragmenteerde nate met gedigte, seks, mislukte huwelike (’n huwelik op die rotse, sê Storm, het ten minste ’n stewige grondslag), een afgedrukte psigiatriese vraelys, orgies, -moordfantasieë, en selfs “toiletpapier met afdrukke van politieke grootkoppe daarop.”

Hoewel die roman sentreer rondom Storm se neurose en verslawing, dreun die politieke masjinerie altyd net-net onder die oppervlak.

Die leser hou vir Storm dop, maar altyd, in die hoek van sy oog, flikker die onheilspellende skadu’s van die “Groot Onopgeloste Politieke Moord” en die psigotiese Jakkals-karakter wat eens die regering se vuilwerk gedoen het.

Die wederopstanding van *Storm Sevenster* is een van die laaste drupsels van ’n dun stroming Afrikaanse punkromans wat oor die laaste twee dekades bykans heeltemal opgedroog het.

Storm sê: “My doen en late sal miskien lyk na ’n comic strip bedoel vir ’n bluessanger wat net nie wil end kry nie. Maar so erg is dit nie. Net erger en die meisies word gedigte wat later bundels word, wat uiteindelik rustig raak op rakke.”

En miskien kan Storm ook nou rus kry, hy is uiteindelik op die rak.

HOND, JOHANNESBURG. (SAGTEBLAD, 126 BLADSYE.)

Willem Anker doseer kreatiewe skryfkunde, Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die US.

(Hierdie resensie het in *Die Burger* en dié se boekeblog verskyn, Maandag 18 Oktober 2010)

Storm Sevenster word deur Griffel Media versprei. Skakel 021 465 0025 of stuur ’n e-pos aan info@griffel.co.za vir meer besonderhede.